LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 17
17 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies
Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra. Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

BOEREWORSROLLE VERKOPING, 24 MEI 2019
Indien u kind 'n boereworsrol wil koop vir Vrydag, 24 Mei (1ste pouse), stuur asseblief **Woensdag** R10 na die klasonderwyser. Geen bestellings kan na Woensdag geneem word nie.

2020 INSKRYWINGS
Inskrywingsvorms vir **voornemende leerlinge** is by die kantoor beskikbaar.

KLEREDRAG
Ouers moet asseblief toesien dat leerlinge die korrekte skooldrag dra.

Wintersdrag: Seuns:
Grys langbroeke, wit hemp (met knoop by nek), das, trui / baadjie, grys kouse, swart skoene.

Dogters:
Maroen langbroek, wit hemp (met knoop by nek), das, trui / baadjie, maroen kouse, swart skoene.

As gevolg van warm dae wat nog voorkom, mag leerlinge somersdrag aantrek.

LO dae:
Skoolsweetpak met kort wit kouse by tekkies.

BUSVERVOER
Ons ondervind probleme met sommige leerlinge wat hulle wangedra op die bus/se met sportbyeenkomste. Leerlinge wat hulle hieraan skuldig maak sal nie toegelaat word om die volgende wedstryd/e vir die skool deel te neem nie of toegelaat word om van die skool se busvervoer gebruik te maak nie.

Om aan die skool se sport te kan deelneem is 'n voorreg. So ook die gebruik van die skool se busse.

EKSAMENROOSTER

DATUM	VAK	GRAAD
24 Mei	Kuns en Kultuur	Gr 7
28 Mei	Tegnologie	Gr 7
29 Mei	Ekonomiese Bestuurs Wetenskap	Gr 7
	Engels	Gr 4, 5
	Afrikaans	Gr 6
30 Mei	Lewensoriëntering	Gr 4 – 7
31 Mei	Wiskunde	Gr 4 – 7
3 Junie	Natuurwetenskap	Gr 4 – 7
4 Junie	Engels	Gr 6, 7
5 Junie	Afrikaans	Gr 4, 5, 7
6 Junie	Aardrykskunde	Gr 4 – 7
7 Junie	Geskiedenis	Gr 4 - 7

NS. Veranderinge aan eksamenrooster is as gevolg van Departementele NW vraestelle wat geskryf moet word.

SKOOLTYE: Gedurende en na die eksamen:
29 Mei - 7 Junie 2019 - Skool begin om 08:00 en verdaag om 12:00 vir alle leerlinge.
10 - 13 Junie 2019 – Gewone skooltye.
13 Junie – Rapporte uit.
14 Junie 2019 – Skool sluit om 10:00.

SPORT
Geen sportafrigting vanaf 27 Mei – 7 Junie 2019 as gevolg van die eksamen.

WêRELD BOEKDAG
Chelsea Hendricks het aan 'n leeskompetisie, vir al die plaaslike laerskole, op Dinsdag, 14 Mei by Kroonvale biblioteek deelgeneem. Sy het eerste plek vir Engels sowel as Afrikaans onvoorbereide lees gewen. Sy het twee goue medaljes ontvang.

SPORT

UITSLAE VAN WEDSTRYDE - JEFFREYSBAAI TOERNOOI

RUGBY

SPAN	LVS	OPPONENT	
o.7A	30	Stulting	5
o.7A	20	Jeffreysbaai	35
o.9A	0	Jeffreysbaai	25
o.9A	0	Stulting	20
o.11A	15	Wesbank	5
o.11A	5	Stulting	0
o.13B	0	Stulting	5
o.13B	0	Mclachlan	15
o.13A	0	Susanah Fourie	5
o.13A	5	Paul Sauer	5

NETBAL

SPAN	LVS	OPPONENT	
o.8A	3	Mclaghlan	1
o.8A	6	Paul Sauer	4
o.9A	11	Victory	1
o.9A	3	Jeffreysbaai	6
o.9B	0	Frans Conradie	2
o.9B	1	Stulting	1
o.10A	4	Jeffreysbaai	2
o.10A	6	Paul Sauer	6
o.10B	3	Frans Conradie	1
o.10B	3	Jeffreysbaai	8
o.10B	5	Stulting	1
o.11A	4	Frans Conradie	7
o.11A	2	Wesbank	18
o.13B	6	Susannah Fourie	5
o.13B	4	Jeffreysbaai	7
o.13C	1	Gamtoos o.13B	11
o.13C	2	Jeffreysbaai o.13B	13
o.13D	4	Gamtoos o.12B	10
o.13D	4	Paul Sauer o.12B	9

HOKKIE UITSLAE TEEN GILL

SPAN	LVS	GILL
o.8	9	0
o.9	9	0
o.10	15	0
o.13	2	1

HOKKIE

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

SEWE-AAN-'N-KANT

Op 12 Junie hou ons 'n Sewe-aan-'n-kant- rugby en netbaldag. Kinders en ouers kan spanne inskryf om deel te neem. Die span moet 'n naam hê en volgens 'n tema aantrek. Almal gaan rugby en netbal speel, so ouers en leerders, kry julle spanne reg. Die koste beloop R10 per speler. Daar gaan 'n verskeidenheid van stalletjies ook wees. Inskrywingsvorms sal vanaf 30 Mei by mev Van Wyk beskikbaar wees.

GIMNASTIEK

Tiaan Fourie het op 11 Mei 2019 in Uitenhage aan die Gimnastiek Distrik Proewe deelgeneem. Hy verwerf 'n brons medalje vir seuns 11-14 jaar, vlak 2. Baie geluk.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Soos ‘n geurige roos,
so is iemand wat liefde uitstraal
en presies weet hoe om die beste
uit sy medemens te haal.

Spreuke 15:4

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803